higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Metode om geboortekomplikasies te hanteer:

A Spening
B Episiotomie
C Veiligheidsgreep
D Mastitis

1.2 'n Metode wat gebruik word om te bevestig of 'n borsbaba genoeg melk inkry tydens 'n voeding:

A Laktasie
B Bokant en onderkant ('Topping and tailing')
C Gewigtoetsing
D Melkuitstoot-refleks ('Let-down reflex')

1.3 Identifiseer die toestand wat kan lei tot swak borsmelkvoorsiening:

A Lae gewigstoename
B Korrekte sluitingstegniek
C 'n Gestresde ma
D Die soort formule

1.4 'n Behandeling vir die uitswelling van die borste:

A Begin met bottelvoeding
B Moenie vir die baba die aangetasde bors gee nie
C Sit spinasieblare op die borste
D Sit koolblare op die borste

1.5 'n Riglyn vir die meng van formulemelk met water:

A Voeg formule by totdat dit gekonsentreerd is
B As baba nie honger is nie, voeg minder formula by die water
C Doen dit volgens die produk se instruksies
D As baba honger is, voeg meer formule by die water

1.6 Maaginfeksies kan voorkom want …

A kookwater is gebruik om die bottelvoeding aan te maak.
B bottels en tiete is in die mikrogolf gesteriliseer.
C melk word in die yskas gelos tot dit tyd is vir die voeding.
D die tydsbeperking ten opsigte van sterilisasie van toerusting is nie nagekom nie.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die APGAR-toets identifiseer … 

A die geslag van die kind voor geboorte.
B enige siektes wat die kind dalk by geboorte het.
C die voorkoms van die kind ná geboorte.
D die MIV-status van die baba.

1.8 'n Praktiese manier om die baba/kleuter se badwater te toets is …

A om dit met jou elmboog te toets.
B om 'n termometer te gebruik.
C om dit met die palm van jou hand te toets.
D om die baba se toon eerste in te druk.

1.9 'n Struktuur van die menslike spysverteringstelsel:

A Die farinks
B Brongi
C Kapillêre bloedvate
D Blaas

1.10 'n Funksie van die koeëlgewrig ('ball and socket'): 

A Stel mense in staat om hul dye en bene in alle rigtings te draai
B Laat beweging in een rigting toe
C Stel mense in staat om hulle koppe op-en-af, en heen-en-weer te draai
D Laat mense toe om hul arms in sirkelbewegings te swaai

1.11 'n Baba word gewoonlik aan vaste kos bekendgestel rondom …

A 2–3 maande.
B 4–5 maande.
C 7–8 maande.
D 9–10 maande. 

1.12 Identifiseer die uitwerking van ernstige grondbesoedeling op die gemeenskap:

A Gewasse groei en floreer in besoedelde grond.
B Besoedelde grond verhoog grondvrugbaarheid.
C Dit kan 'n verwoestende uitwerking op mense en diere hê.
D Dit verbeter die balans van die flora en fauna wat in die grond lewe.

1.13 'n Moontlike oorsaak van diarree: 

A Te veel suiker in die dieet
B Nie genoeg vesel in die dieet nie
C Te veel voedingstowwe
D Nie genoeg oefening nie

Kopiereg voorbehou

1.14 Konstante moegheid en 'n bleek velkleur is tekens van 'n tekort aan …

A Vitamien C.
B yster.
C sout.
D Vitamien A.

1.15 As 'n baba alkohol absorbeer tydens swangerskap kan dit … veroorsaak.

A leervermoëns
B 20/20-visie
C geboortedefekte
D latere immuniteit teen die uitwerking van alkohol op die liggaam

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Gesplete verhemelte en lip is afwykings wat veroorsaak word deur 'n wanfunksionering van die gene of die chromosone.

2.2 'n Kind wat nie genoeg proteïen tydens die eerste twee lewensjare inneem nie kan een of ander vorm van verstandelike gestremdheid ontwikkel.

2.3 Bakterieë floreer nie in donker, vogtige en warm toestande nie.

2.4 'n Kind se immunisasies moet op datum gehou word.

2.5 Wanneer 'n dogtertjie se geslagsdele skoongemaak word, is dit veiliger om van agtertoe vorentoe te vee.

2.6 Jy kan oop staafverwarmers in die badkamer gebruik.

2.7 Om higiënies van doeke ontslae te raak, moet enige soliede ontlasting eers in die toilet afgespoel word.

2.8 Vaste gewrigte laat beweging toe deur verskillende bene aan mekaar te verbind.

2.9 Nies is nog 'n hulpmiddel om van stof en ander irritasies in die neus ontslae te raak.

2.10 Die verwagtende ma moet aangaan met haar normale daaglikse take, insluitend die oplig van swaar objekte.

2.11 Uitskeiding van die plasenta vind plaas tydens die derde fase van kraam.

2.12 'n Kind kan 'n vuil doek vir 'n lang tydperk dra om kostes te bespaar.

Kopiereg voorbehou

2.13 Sorg dat daar nie water in 'n baba se ore kom wanneer die kind se hare gewas word nie.

2.14 Swak suiging en sluk is tekens van voldoende voeding.

2.15 Die opvoedkundige versorger kan besluit om die formulevoeding te verander sonder om vooraf daaroor met die gesondheidspanlede of die ouers van die baba te gesels.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Wit, puisieagtige knoppies wat op 'n pasgebore baba se gesig verskyn	A	aktiewe immuniteit
3.2	Eienskappe wat van die ouers na hul kind oorgedra word	B	anemie
3.3	'n Toestand waar die rooibloedselle of hoeveelheid hemoglobien wat in die bloed sirkuleer onvoldoende is	C	asma
3.4	'n Funksie van inentings	D	oorerflikheid
3.5	'n Longsiekte waar die brongi ontsteek raak en tot geswelde en vernoude lugweë lei wat dit weer moeilik maak om asem te haal	E	hondsdolheid
		F	milia

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

olfaktories; bilharzia; gastroënteritis; amenorree; bevrugting; gesondheidspan; inkubasietydperk; koorsstrook; are; epiduraal; spening; sterilisasie; kwasjiorkor; aorta; kinderuitrusting; doekstopsel

4.1 Die samesmelting van die manlike sperm en vroulike eier wat die begin van 'n nuwe lewe beteken

4.2 Die noodsaaklike klere en basiese linne wat gekoop word om voorsiening te maak vir die pasgebore baba se aanvanklike behoeftes

4.3 'n Voering met 'n wattewolkussing binne-in om die urine te absorbeer en die boude droog te hou

4.4 'n Voedingstoestand wat ontstaan weens 'n oormaat koolhidrate en gebrek aan proteïen

4.5 Die proses om 'n baba wat slegs aan die bors of uit 'n bottel gedrink het aan vaste kos bekend te stel

4.6 Die proses waartydens mikro-organismes of kieme verwyder word van items of toerusting deur middel van chemiese stowwe of deur dit in kookwater of stoom te dompel

4.7 Die ontsteking van die maag en die buik in reaksie op 'n infeksie, allergie of gif wat ingeneem is uit besmette kos, hande en/of melkvoedings

4.8 'n Soort narkose wat in die rugstring toegedien word en wat verlamming van die buik, bekken en onderste ledemate veroorsaak – dit elimineer kraampyne en vergemaklik geboorte

4.9 As menstruasie oorgeslaan word

4.10 Die sensasie van reuk wat waargeneem word deur die senuwee-eindpunte in die nasale slymvlies

4.11 'n Chroniese siekte wat deur 'n wateroordraagbare parasiet veroorsaak word

4.12 'n Plastiekstrokie wat vir 'n paar sekondes op die kind se voorkop geplaas word om koors te meet

4.13 Die tydperk vanaf waar die siektedraende organisme die liggaam binnegedring het totdat die simptome verskyn

4.14 'n Persoon of organisasie wat dalk 'n bydrae tot die opvoedkundigesorgsentrum kan lewer ten opsigte van gesondheid

4.15 Die bloedvate wat gedeoksigeneerde bloed vanaf die liggaam na die hart toe sirkuleer

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE maniere hoe siektes versprei. (7)

5.2 Gee VIER redes waarom 'n baba moontlik 'n doekuitslag kan ontwikkel. (4)

5.3 Bespreek VYF belangrike punte om in aanmerking te neem wanneer jy wol- en delikate babaklere was. (5 × 2) (10)

5.4 Beskryf SES korrekte eetgewoontes wat 'n swanger vrou moet volg. (6 × 2) (12)

5.5 Verduidelik die proses om doeke te was en te steriliseer. (6 × 2) (12)

5.6 Noem VYF algemene kosallergieë. (5)

[50]

VRAAG 6

6.1 Noem VYF belangrike punte om in aanmerking te neem wanneer jy skoene vir 'n kleuter moet koop. (5 × 2) (10)

6.2 Verduidelik die volgende verskillende metodes wat gebruik word om geboortekomplikasies te hanteer:

6.2.1 Keisersnee

6.2.2 Episiotomie

6.2.3 Induksie

(3 × 2) (6)

6.3 Bespreek VYF tekens wat aandui dat borsvoeding voldoende is. (5 × 2) (10)

6.4 Noem VIER simptome van 'n kind wat wurms het. (4)

6.5 Gee NEGE algemene tekens en simptome van voedingsprobleme by babas. (9)

6.6 Bespreek TWEE veiligheidskenmerke waarvan jy bewus moet wees wanneer jy klere vir jong babas uitkies. (2 × 2) (4)

6.7 Noem SEWE lede van die gesondheidspan wat bydraes lewer tot die gesondheid van die kind. (7)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1	7.1.1	Verduidelik die prosedure om 'n kind se koors met 'n kwikkoorspen te neem.	(4 × 2)	(8)
	7.1.2	Hoe sal jy optree as 'n kind 'n hoë koors het?		(2)
7.2		Onderskei tussen *passiewe immuniteit* en *aktiewe immuniteit*.	(2 × 2)	(4)
7.3	7.3.1	Noem VIER funksies van die lewer.		(4)
	7.3.2	Noem VIER funksies van die niere.		(4)
7.4		Identifiseer TIEN simptome van swangerskap.		(10)
7.5		Bespreek SES voordele daarvan om 'n baba te borsvoed.	(6 × 2)	(12)
7.6		Beskryf die driehoekmetode om 'n doek te vou.	(3 × 2)	(6)
				[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou